Get more papers from: www.mycourses.co.za

Province of the EASTERN CAPE EDUCATION

**EXAMINATIONS AND ASSESSMENT CHIEF DIRECTORATE**
Home of Examinations and Assessment, Zone 6, Zwelitsha, 5600
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA, Website:** www.ecdoe.gov.za

# 2022 NSC CHIEF MARKER'S REPORT

| | | | |
|---|---|---|---|
| **SUBJECT** | **Afrikaans Home Language** | | |
| **QUESTION PAPER** | 1 | 2 | **3** |
| **DURATION OF QUESTION PAPER** | **3 hours** | | |
| **PROVINCE** | **Eastern Cape** | | |
| **DATES OF MARKING** | **9 to 21 December 2022** | | |

www.mycourses.co.za

## SECTION 1: (General overview of Learner Performance in the question paper as a whole)

a) Die kandidate het oor die algemeen betreklik goed in hierdie vraestel gevaar. Die onderwerpe was van so 'n aard dat die meeste kandidate wel iets kon vind om oor te skryf.
b) Die gevoel is ook dat die kandidate vanjaar werk van 'n beter kwaliteit gelewer het. Daar was oor die algemeen minder mistastings, onvolledige interpretasies en beter taalgebruik as in die verlede.
c) Daar is ongelukkig nog sentrums waar die kandidate nie genoeg onderrig in beplanning en redigering ontvang nie. Formaatfoute kom nog gereeld voor.
d) Vanjaar was daar 'n merkbare afname in die sogenaamde kapstokopstelle – Kandidate berei 'n opstel voor en probeer dit dan by 'n onderwerp in die vraestel indwing. Dit lei soms tot 'n mistasting.
e) Die meerderheid kandidate kies steeds om verhalende of beskrywende opstelle te skryf. Alhoewel hierdie tipe opstelle meer suksesvol is, is die aanloop dikwels te lank.
f) Daar was minder bespiegelende opstelle as verlede jaar en die leerders wat wel bespiegelende opstelle geskryf het, het redelik gefokus geskryf.
g) Swakker kandidate is geneig om bespiegelend te skryf en in die najaag na die korrekte aantal woorde, raak die opstel herhalend.
h) Die meerderheid kandidate het die e-pos en dialoog gekies. Die formaat van die dialoog was grotendeels korrek terwyl daar soms ernstige formaatfoute by die e-pos voorgekom het.
i) Dit is opvallend dat kandidate sukkel met die strukturering van hul paragrawe. Daar is te veel hoofgedagtes in een paragraaf. Heelwat kandidate het skryfstukke geskryf wat slegs uit een paragraaf bestaan het. Die kandidate behoort meer onderrig en oefening in die skryf van paragrawe te ontvang. Die kandidate behoort onderrig te word dat 'n paragraaf net een hoofgedagte moet bevat.
j) Daar was min kreatiwiteit in die samestelling van paragrawe en sinne,

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

bv. sinne wat net uit 'n enkele word bestaan of paragrawe wat net uit een sin bestaan. Dit was werklik net die topkandidate wat dit kon bemeester.

k) Die gebrek aan die kreatiewe gebruik van leestekens was opvallend, bv. dubbelpunte, aandagstrepe, kommapunte, ens.

l) Min kandidate was in staat om 'n koerantberig volgens die korrekte formaat te lewer. Hier het heelwat mistastastings voorgekom. Min leerders het geskryf oor 'n buitengewone daad en heelwat het geskryf oor algemene optredes, bv. Maak leerders stil wat lawaai of verhoed boeliery.

m) Dit is vir kandidate 'n uitdaging om uitstekende transaksionele tekste aan te bied, aangesien hulle nie altyd aan goeie voorbeeldstukke blootgestel word nie.

n) Weens die swak sosio-ekonomiese toestande in die Oos-Kaap, was die formele brief, resensie en die informele toespraak problematies. Die meeste leerders leef onder die broodlyn en om in 'n restaurant te gaan eet, is nie eers 'n moontlikheid nie; daarom het hulle nie oor die nodige woordeskat beskik nie, bv. "bediendes" i.p.v. "kelners" en "lys" i.p.v. "spyskaart."

o) Bittermin kandidate het die resensie gekies, waarskynlik omdat die meeste leerders nie meer lees nie. Die meeste kandidate wat dit wel gekies het, het egter uitmuntende werk gelewer.

p) Die toespraak was ook problematies omdat skole hier in die algemeen nie entrepreneursklubs het nie en die meeste huishoudings van maatskaplike toelaes afhanklik is. Die konsep dat 'n tiener geldsake behartig, is ongelukkig nie deel van die meeste kandidate se leefwêreld nie. Die toesprake se inhoud was dus werklik nie van 'n hoogstaande gehalte nie.

q) Kandidate sukkel in die algemeen om in 'n formele register te skryf wanneer 'n onderwerp dit vereis.

r) Dit was verontrustend dat sommige kandidate net een transaksionele teks geskryf het. Daar was ook enkele kandidate wat slegs die transaksionele tekste geskryf het en nie die opstel gedoen het nie.

**Gemiddelde punt per vraag:**

**Vraag 1**

| | |
|---|---|
| 1.1 | 30 |
| 1.2 | 30 |
| 1.3 | 31 |
| 1.4 | 38 |
| 1.5 | 27 |
| 1.6 | 35 |
| 1.7 | 27 |
| 1.8 | 34 |

**Vraag 2**

| | |
|---|---|
| 2.1 | 14 |
| 2.2 | 15 |
| 2.3 | 14 |
| 2.4 | 15 |
| 2.5 | 15 |
| 2.6 | 15 |

www.mycourses.co.za

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

## SECTION 2: Comment on candidates' performance in individual questions

### QUESTION 1

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

**AFDELING A**
**VRAAG1**

1.1 **"Met bewende hande skeur ek die koevert oop…"** Hierdie was beslis een van die gewildste keuses. Die meeste kandidate het vehalende opstelle geskryf. Baie het hul gevoelens of die gebeure wat gelei het tot die oopmaak van die koevert beskryf. Baie kandidate het in hul opstelle tot 'n klimaks opgebou met die oopmaak van die koevert. Die realiteit is dat kandidate in die moderne lewe nie meer briewe ontvang nie. Die enigste koevert wat die meeste al ontvang het, was hul eksamenuitslae of toelating tot 'n universiteit/kollege. Uitslae oor die toekenning van beurse of selfs uitslae van mediese toetse was gewilde keuses.

1.2 **"Skool – waardevol of waardeloos"** Hierdie was ook 'n gewilde keuse. Baie kandidate het daarin geslaag om nie net na akademie te verwys nie, maar het ook na lewenslesse, sosiale ontwikkeling, die aanleer van morele waardes, ens. verwys. Die meeste kandidate het verwys na die impak van wat jy op skool leer op jou toekoms het. Sommige kandidate het verwys na goeie of slegte skole.

1.3 **"Kniediep in die moeilikheid!"** Hierdie was ook 'n gewilde keuse. Die kandidate het in die meeste gevalle verhalende opstelle geskryf. Die meeste opstelle het gegaan oor die gevolge van 'n misstap, ongehoorsaamheid, kattekwaad of oortreding van reëls.

1.4 **"Is teëspoed net 'n komma?"** Hierdie was nie 'n gewilde onderwerp nie. Min mistastings is gevind. Uitmuntende kreatiewe opstelle is hier gelewer. Dit is waarskynlik omdat baie kandidate nie die figuurlike betekenis van die aanhaling verstaan het nie dat so min kandidate hiervoor geskryf het.

1.5 **"Net 'n klein bietjie hoop maak jou hart se hekke oop."** Hierdie was ook 'n gewilde keuse. Hier is meestal bespiegelende opstelle gevind. Ongelukkig het swakker kandidate wat bespiegelende opstelle geskryf het, soms in hul eie gedagtes verstrengel geraak.

1.6 **Boom:** Van die visuele stimuli was hierdie die gewilde keuse. Beide figuurlike en letterlike opstelle is hier gevind. Uitstekende figuurlike opstelle is hier geskryf. Die illustrasie het dit moontlik gemaak om oor 'n verskeidenheid onderwerpe te skryf, bv. natuurbewaring, die vergelyking van die groeiende boom met die figuurlike groei van 'n persoon, ens. Baie goeie verhalende en bespiegelende opstelle is gelewer. Min mistastings is hier aangetref.

1.7 **Kapsule**: Hierdie was die tweede gewildste visuele keuse en het tot 'n verskeidenheid letterlike en feitlike opstelle gelei. Enkele figuurlike en baie kreatiewe opstelle is ook hier aangetref. Dit was opvallend dat min "swakker" kandidate hierdie opstel gekies het.

Source: www.mycourses.co.za

www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

1.8 **Arms:** Hierdie was nie 'n gewilde onderwerp nie, maar die leerders wat dit gekies het, het oor die algemeen goeie opstelle geskryf. Die gevolge van apartheid en die voortduur van rassisme was hier gewilde onderwerpe.

**AFDELING B**

**VRAAG 2**

2.1 **E-pos:** Die meeste kandidate het hierdie keuse gemaak, waarskynlik omdat hulle daarmee kon identifiseer. Die meeste kandidate het daarin geslaag om iemand te bedank vir hul ondersteuning tydens 'n familiekrisis. Daar is ook goed uitgebrei oor wat dit vir die spreker beteken het. Kandidate het soms nagelaat om na die waarde daarvan vir die familie te verwys. Hier is egter baie formaatfoute gemaak. Die begroeting en slot is dikwels uitgelaat. Ongelukkig was dit algemeen dat die meeste kandidate net een paragraaf geskryf het.

2.2 **Formele brief:** Hierdie was ook 'n gewilde keuse. Ongelukkig het baie swakker kandidate ook hierdie onderwerp gekies. Dikwels was daar 'n mistasting en het kandidate geskryf dat hulle ongelukkig was omdat hul werksaansoeke nie suksesvol was nie. Hier het baie formaatfoute voorgekom. Baie kandidate het ook gesukkel om in 'n formele register te skryf.

2.3 **Resensie:** Baie min kandidate het hierdie onderwerp gekies. Waarskynlik omdat die meeste tieners nie meer lees nie. Die Kandidate wat dit wel gekies het, het uitmuntende skryfstukke gelewer. MIn formaatfoute is begaan.

2.4 **Koerantberig**: Hierdie was nie 'n baie gewilde keuse nie. Min leerders het die regte formaat en register gebruik. Die leerders het dikwels hier net 'n storie oor 'n sekuriteitswag vertel en nie na 'n buitengewone optrede en 'n beloning verwys.

2.5 **Dialoog:** Verreweg die meeste kandidate het hierdie onderwerp gekies en wel oor die regte onderwerp geskryf. Ongelukkig is daar ook hier formaatfoute aangetref, bv. die spreekbeurte is in aanhalingstekens geskryf of daar is nie reëls tussen die spreekbeurte oopgelaat nie.

2.6 **Informele toespraak:** Min sterker kandidate het hierdie keuse gemaak. Die swakker kandidaat het baie formaatfoute begaan, bv. nie gegroet of met 'n samevatting afgesluit nie. Ongelukkig kon baie kandidate nie sinvol hiervoor skryf nie omdat die meeste kandidate in die Oos-Kaap uit huishoudings kom waar hulle van maatskaplike toelaes afhanklik is en dus nog nooit toegang tot hul eie geld gehad het nie. Dikwels is die toespraak net in een paragraaf geskryf. Enkele kere is leerders i.p.v. ouers aangespreek.

www.mycourses.co.za

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

(b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

**AFDELING A**

**Die leerders het oor die algemeen betreklk goed in die opstelle gevaar. Min mistastings het voorgekom.**

**VRAAG1**

1.1 **"Met bewende hande skeur ek die koevert oop…"** Kandidate wat hierdie vraag swak beantwoord het, het gemaal om die gedagte van die hande wat bewe voordat die koevert oopgeskeur word. Dit was duidelik dat hulle geen ondersteunende gedagtes gehad het nie.

1.2 **"Skool – waardevol of waardeloos"** Kandidate wat hierdie vraag swak beantwoord het, het na die skole verwys as goed of sleg. Hulle het verwys na die geriewe, onderwysers ensovoorts en nie op die impak op die leerders se lewe gehad het nie. Herhaling het dikwels voorgekom.

1.3 **"Kniediep in die moeilikheid!"** Geen van die kandidate het hierdie vraag sleg beantwoord nie. Sommige verhale was beter as ander, maar geen antwoord se inhoud was swak nie. Die meeste kandidate het wel in die slotparagraaf by die onderwerp uitgekom.

1.4 **"Is teëspoed net 'n komma?"** Hierdie vraag is oor die algemeen goed beantwoord aangesien swakker kandidate dit vermy het. Dalk omdat hulle nie werklik die opdrag kon interpreteer nie.

1.1 **"Net 'n klein bietjie hoop maak jou hart se hekke oop."** Hierdie was die swakste beantwoorde opstel. Kandidate bespiegel oor hoop, maar raak in hulle eie gedagtes verstrengel. Skryfstukke word herhalend en min idees word uitgebrei.

1.6 **Boom**: Hierdie vraag is oor die algemeen goed beantwoord en kandidate het nie sleg daarin gevaar nie. Enkel mistastings het voorgekom.

1.7 **Kapsule**: Ook hier was daar geen mistastings nie. Die vraag is oor die algemeen goed beantwoord.

1.8 **Arms**: Daar was ook by hierdie vraag geen mistastings nie.

www.mycourses.co.za

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

**AFDELING B**
**VRAAG 2**

2.1 **E-pos**. Die grootste euwel by die beantwoording van hierdie vraag, was die formaat. Dit is duidelik dat baie kandidate nie die korrekte formaat van die e-pos ken nie. Dit wil blyk asof hierdie transaksionele teks by baie skole nie behandel is nie. Die volle vraag is ook nie beantwoord nie. Die e-pos is namens die "ek" geskryf en nie namens die familie nie. Waardering is uitgespreek, maar daar is nie verwys na wat dit vir die familie beteken nie. In baie gevalle is die opdrag herhaal en daar was geen uitbreiding oor raad, daad of wat die familiekrisis was nie. Paragrafering was ook problematies.

2.2 **Formele brief**: Die grootste probleem was die feit dat kandidate nie die korrekte formaat van 'n formele brief ken nie. Dit is kommerwekkend aangesien dit al vir 'n geruime tyd deel van die sillabus is. Daar was ook 'n mistasting waar kandidate dit met 'n dekbrief verwar het en aansoek gedoen het om 'n betrekking by die restaurant. Baie kandidate het ook gesukkel om in 'n formele register te skryf.

www.mycourses.co.za

2.3 **Resensie:** Min kandidate het hierdie opdrag uitgevoer. Geen mistastings het voorgekom nie.

2.4 **Koerantberig**: Min leerders het die regte formaat en register gebruik. Die leerders het dikwels hier net 'n storie oor 'n sekuriteitswag vertel en nie na 'n buitengewone optrede en 'n beloning verwys. 'n Paar kandidate het 'n brief aan die pers geskryf.

2.5 **Dialoog**: Hierdie vraag is oor die algemeen korrek beantwoord.

2.6 **Informele toespraak**: Daar is heelwat formaatfoute begaan, bv. nie gegroet of met 'n samevatting afgesluit nie. Ongelukkig kon baie kandidate nie sinvol hiervoor skryf nie omdat die meeste kandidate in die Oos-Kaap uit huishoudings kom waar hulle van maatskaplike toelaes afhanklik is en dus nog nooit toegang tot hul eie geld gehad het nie. Dikwels is die toespraak net in een paragraaf geskryf. Enkele kere is leerders i.p.v. ouers aangespreek.

(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning

- **a)** Leerders moet beslis die geleentheid kry om meer te skryf en terugvoering oor hul werk te ontvang. Covid-19 se verminderde onderrigtyd het hulle hiervan beroof en die negatiewe gevolge hiervan was duidelik.
- **b)** Vir die meeste kandidate is dit slegs die tweede keer dat hulle 'n volledige stelwerkeksamen geskryf het. Leerders moet meer oefening in skryfwerk kry.
- **c)** Stelwerk moet nes enige ander aspekte van Afrikaans onderrig word. Daar kan nie bloot opdragte uitgedeel word nie.
- **d)** Dit is duidelik dat min remediëring plaasvind nadat opstelle gemerk is.
- **e)** Leerders behoort meer blootstelling aan voorbeelde van goeie skryfwerk te ontvang.
- **f)** Foutiewe punktuasie, sinsbou, woordorde, spelling en 'n gebrek aan basiese taalkennis beïnvloed leerders se skryfwerk negatief. Die onderrig van taal en die uitbreiding van woordeskat moet aandag kry – selfs in graad 12.
- **g)** Leerders behoort die ontleding van onderwerpe te oefen sodat hulle in staat sal wees om al die aspekte wat in 'n onderwerp of stimulus vereis word aan te spreek. Leer hulle om sleutelwoorde in die titel te onderstreep.

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

**h)** Beplanning, die skryf van 'n konsep en die redigering daarvan moet ingeoefen word.
**i)** Kandidate behoort meer aandag aan die skakel/verband tussen die titel, inleiding en slot te gee.
**j)** Kandidate moet ontmoedig word om niksseggende woorde en frases in hul opstelle te gebruik. Dit is waardeverminderend.
**k)** Onderrig die leerders om bewus te wees van toon, styl en register. Kandidate het gesukkel met formele skryfwerk.
**l)** Die gebruik van Engels in Afrikaanse stelwerk moet ontmoedig word.
**m)** Die mode om halwe sinne te skryf moet aandag kry, bv. "As die wind sterk waai."
**n)** Heelwat leerders sukkel nog met die korrekte formaat.
**o)** Onderwysers moet die goedgekeurde assesseringsrubrieke met leerders bespreek, sodat hulle presies weet waarvoor punte toegeken word.
**p)** Dit was ook opvallend dat leerders nie woorde aan die einde van 'n reël nie volgens die lettergrepe verdeel nie.
**q)** Die gebruik van "so" i.p.v "dus" en "soos" i.p.v. "terwyl" was steurend

www.mycourses.co.za

(d)Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc.

**a)** Leerders moet probeer om hul inleiding en slot by mekaar te laat pas. Die titel kan ook effektief in die skryfstuk herhaal word.
**b)** Verkortings pla, bv.
"van" i.p.v. "want"
"hkom" i.p.v. "hoekom"
"we" i.p.v. "weer"
"ma" i. p.v."maar"
"kla" i.p.v. "klaar"
"da" i.p.v. "daar",
"ano" i.p.v. "aanhou," ens.,
"manet" i.p.v. "maar net"
**c)** Die weglating van die lidwood pla, bv. "Mens dink dat..." " Bietjie meer...", " in skool" "lewe is swaar" , "Mense voel dat ..."
**d)** Die plaas van die komma voor 'maar" kom nie aan die begin van 'n reël nie, maar aan die einde van die vorige reël.
**e)** Die gebruik van die betreklike voornaamwoord skep eindelose probleme en behoort onderrig te word, bv. "Ek is bekommerd oor dit. "Ek wil met jou praat oor wat ek ..." "Die stoel wat ek op sit"
**f)** Die korrekte gebruik van voorsetsels, bv. "Ek gaan saam **met** my vriende...", "Jy moet **om** verskoning vra." "om tienuur."
**g)** Die los en vas skryf van woorde, bv. huis toe, op pad, gunstelingkleur, topkandidaat, reuseverskil, nog steeds,rêrig, ens.
**h)** Woorde wat gereeld verkeerd gespel is:
Herinneringe, onmiddellik, nog steeds, paartjie, op pad, terug, familie, definitief, goeiemiddag, polisie, beter, ens.
**i)** Kandidate gebruik problematiese uitdrukkings soos:
"uitmis" i.p.v. " iets misloop"
"ek persoonlik voel" i.p.v. "ek voel"

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

"Jy as mens"
"in die lewe van vandag"
"aan die einde van die dag"

**j)** Verkeerde woordkeuses,bv.
"alarm" i.p.v. "wekker"
"klok" i.p.v. "horlosie"
"uitsig" i.p.v. "siening"

**k)** Die verkeerde gebruik van "asook." "Onderwysers en afrigters en asook ..."

**l)** Die oortreffende trap word verkeerd gebruik, bv. "mees belangrikste"

**m)** Die gebruik van "sport" i.p.v. "sportsoorte", bv. Die skool bied baie sport aan."

**n)** "Ek geniet myself" i.p.v. "Ek geniet dit."

**o)** "Vandag se generasie" i.p.v. "moderne jongmense"

**p)** Die gebruik van Engelse uitdrukkings en woorde, bv. "Jy tel iemand op"(Jy laai iemand op.),"Jy respek iemand."(Jy respekteer iemand),"Jy gee moed op"( gooi tou op)"app" i.p.v. "toep/toepassing", "uitsort" i.p.v. "uitsorteer", "meen"/ "bedoel"

**q)** Vermy preke, bv. "U kan ook as u stilte soek na die dam gaan."

**r)** Verskeie leerders het inleidingsparagrawe soos die volgende geskryf: " In hierdie opstel gaan ek skryf oor..."

**s)** Sinne soos die volgende het algemeen voorgekom: "Sy het ja/nee gesê." (ingestem/geweier), "Op 'n daaglikse basis"(gereeld),'Moet nooit opgee op 'n persoon nie.", "Vrees skop in", "In my opinie"(Na my mening"), "eksamens(eksamen), "Jy moet iets bekom in die lewe."(word), "...om aan te beweeg."(Jy moet vorentoe kyk), "Jy moet jouself forseer..." (Jy moet jouself dwing ...), "Is maar reg"(Dis maar reg"), ens.

**t)** Leer die leerders die verskil in die gebruik van "u/U" in die middel van 'n sin.

**u)** Leerders gebruik nog aanhalingstekens in die dialoog.

**v)** Die komma voor/na aanspreekvorme het probleme geskep, bv. "Brenda, jy maak die heeltyd verskonings." Nig, dankie vir jou..."

**w)** Die e-pos moet in paragrawe geskryf word.

**x)** In 'n toespraak moet die aangesprokenes eers gegroet word voordat die toespraak gelewer word.

**y)** 'n Toespraak word ook in paragrawe geskryf.

**z)** "Sulke" word dikwels in die plek van "so 'n" gebruik ( Sulke lekker tyd").

**aa)** Verwarring kom voor: verewig/ vir ewig, spuit/spyt, dus/dis, waardeer/waardeur, eintlik/uiteindelik, veg/baklei, moet/moed

**bb)** Streekstaal wat nie as Standaard Afrikaans beskou word nie, bv. "van" i.p.v. "want". "het" i.p.v. "dit', "ken' i.p.v. "kan", "skool loop"/"skool los", "mense druk jou af", "raak siek", "het" i.p.v. "hê", "se" i.p.v. "sê", "noge" i.p.v. "nog 'n", "beginne" i.p.v. "begin", "vergeert"

**cc)** Die gebruik van die direkte rede in opstelle bly problematies. Ontmoedig eerder die swakker kandidaat om dit te gebruik.

**dd)** "Met" het 'n stil dood gesterf: "Jy moet saam (met) ons gaan."

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors and for teacher developement.

Dit is duidelik dat onderwysers nie volgens die rubrieke nasien nie. Onderwysers moet vertroud wees met die rubrieke en ook hul leerders dienooreenkomstig onderrig wat die verwagting met beide die opstel en die transaksionele transaksionele is. Nadat die tekste gemerk is, moet hulle terugvoer aan die leerders en die punte wat behaal is, op grond van die rubriek met hulle bespreek word.

Dit is ook wenslik dat onderwysers blootgestel word aan die hele spektrum opstelle sowel as transaksionele tekste. As ‘n mens nog nooit aan ‘n uitmuntende skryfstuk blootgestel is nie, kan ‘n bogemiddelde opstel of transaksionele teks baie maklik as uitmuntend geëvalueer word. Dieselfde geld vir uiters swak skryfstukke.

www.mycourses.co.za

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

www.mycourses.co.za

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

www.mycourses.co.za

**GRAAD 12**

**AFRIKAANS HUISTAAL V3**

**NOVEMBER 2022**

**PUNTE: 100**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.**

* A F R H L 3 *


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   | | | | |
   |---|---|---|---|
   | AFDELING A: | Opstel | | (50) |
   | AFDELING B: | Langer Transaksionele Tekste | (2 x 25) | (50) |

2. Beantwoord EEN vraag in AFDELING A en TWEE vrae in AFDELING B.

3. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou werk beplan (bv. deur 'n breinkaart/diagram/vloeidiagram/kernwoorde te gebruik), taalversorg en proeflees. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en daarna netjies deurgehaal word.

7. Jy moet jou tyd soos volg bestee:

   AFDELING A: ongeveer 100 minute
   AFDELING B: ongeveer 80 (2 x 40) minute

8. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Die titel/opskrif word NIE in aanmerking geneem wanneer die woorde getel word NIE.

10. Skryf netjies en leesbaar.

www.mycourses.co.za


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

Kies EEN van die volgende onderwerpe/prente en skryf 'n opstel van 400 tot 450 woorde. Skryf die nommer en die titel/opskrif van jou opstel neer.

1.1 Met bewende hande skeur ek die koevert oop ... **[50]**

1.2 **Skool – waardevol of waardeloos?** **[50]**

1.3 **Kniediep in die moeilikheid!** **[50]**

1.4 **Is teëspoed net 'n komma?** **[50]**

1.5 **"Net 'n klein bietjie hoop maak jou hart se hekke oop."** **[50]**

Bestudeer die prente hieronder en skryf 'n OPSTEL oor EEN. Skryf die vraagnommer (1.6, 1.7 OF 1.8) en jou eie titel neer.

1.6



[Bron: https://m.facebook.com] **[50]**

www.mycourses.co.za


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


1.7



[Bron: Google images: Start2Move.nl]

**[50]**

1.8



[Verwerk uit *Taalgenoot*, WINTER 2021]

**[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

www.mycourses.co.za


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


## AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE

### VRAAG 2

Kies TWEE van die volgende onderwerpe en skryf 180 tot 200 woorde oor elkeen. Skryf die nommer en die titel/opskrif van die teks wat jy gekies het, neer.

2.1 **E-POS**

Jou neef/niggie het jou met raad en daad tydens 'n onlangse familiekrisis bygestaan.

| | |
|---|---|
| Van | |
| Aan | |
| Datum | |
| Onderwerp | |
| Boodskap: | |

Gebruik die bostaande formaat en stuur aan jou neef/niggie 'n E-POS waarin jy jou waardering teenoor hom/haar uitspreek en maak ook melding van wat dit vir julle familie beteken het. **[25]**

2.2 **FORMELE BRIEF**

Daar het onlangs 'n restaurant – spesifiek vir jongmense – in jou omgewing geopen.

Rig 'n KLAGTEBRIEF aan die bestuurder waarin jy jou ontevredenheid uitspreek nadat jy onlangs tydens 'n besoek aan dié restaurant teleurgestel is. **[25]**

2.3 **RESENSIE**

Jou skool het 'n leeskompetisie vir gewilde Afrikaanse boeke geloods. Die wenboek het 'n blywende indruk op jou gelaat.

Skryf 'n RESENSIE vir die skoolkoerant oor hierdie boek. **[25]**

2.4 **KOERANTBERIG**

'n Sekuriteitswag by jou skool is gister vir sy/haar buitengewone optrede beloon.

Skryf 'n KOERANTBERIG daaroor vir die dorp se gemeenskapskoerant. **[25]**

www.mycourses.co.za


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za


2.5 **DIALOOG**

Jy is moeg daarvoor dat jou vriend/vriendin altyd verskonings aanvoer wanneer jy iets opwindends voorstel en jy besluit om die saak met hom/haar te bespreek.

Skryf die DIALOOG. **[25]**

2.6 **INFORMELE TOESPRAAK**

Jou skool se entrepreneursklub wil tieners toerus om ekonomies vry, maar verantwoordelik, op te tree. Jy word gevra om die ouers van jou skool oor die volgende onderwerp toe te spreek:

**Tieners moet hulle eie geldsake hanteer.**

www.mycourses.co.za

Skryf die TOESPRAAK. **[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**
**GROOTTOTAAL: 100**


Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 08
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

GRAAD 12

# AFRIKAANS HUISTAAL V3

# NOVEMBER 2022

# NASIENRIGLYNE

www.mycourses.co.za

**PUNTE: 100**

**Hierdie nasienriglyn bestaan uit 12 bladsye.**

| GOEDGEKEUR: | GOEDGEKEUR: |
|---|---|
| UMALUSI:<br>EKSTERNE MODERATOR<br>8 November 2022 | DBE:<br>INTERNE MODERATOR<br>8 November 2022 |

Kopiereg voorbehou



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



## ALGEMENE ASSESSERINGSRIGLYNE

**NASIONALE NASIENSIMBOLE**

| VERDUIDELIKING | SIMBOOL | BESKRYWING |
|---|---|---|
| Woordorde | (⟶) | Hakies en pyltjie |
| Woord(e) weggelaat | ^ | Weglaatteken/Karet |
| Taalfoute | ——— | Enkelstreep onder die taalfout |
| Spelfoute | = | Dubbelstreep onder die spelfout |
| Paragraafindeling | [ | Begin van 'n nuwe sin |
| Woord(-keuse)-foute | X | Trek 'n X bo-oor die verkeerde woord. |
| Erkenning van taaljuweeltjies | ✓ | Regmerkie bo goeie taalgebruik, idees of uitdrukkings |
| Onduidelik/onverstaanbaar | ∫ (in die kantlyn) | Kronkelstreep |
| Punktuasie | O | Omkring |

Neem taalvariëteit in ag.

www.mycourses.co.za

### AFDELING A: OPSTEL

AFDELING A word volgens die rubriek uit 50 geassesseer. Die kandidaat mag slegs oor EEN onderwerp of prikkel skryf. Hy/Sy mag enige tipe opstel, toepaslik volgens hoe hy/sy die onderwerp interpreteer, skryf. Slegs die finale poging word nagesien. Indien dit onduidelik is wat die finale poging is, word die eerste opstel nagesien.

### NASIENRIGLYNE

Dui aan die einde van die opstel die kodes soos volg aan:

**Voorbeeld:**

| | | |
|---|---|---|
| Inhoud: | **I** | **= Kh = 22** |
| Taal, styl en redigering: | **T** | **= Kl = 10** |
| Struktuur: | **S** | **= K = 4** |
| Skryf dan die totaal van die opstel aan die regterkant (onder die opstel). | | **36** |

Dra die punt uit 50 oor na die BEGIN van die opstel (behoort by die beplanningsgedeelte te wees).

### DIE FORMAAT VAN DIE OPSTEL

- **Inleiding:** Dit is gewoonlik een paragraaf waarin die onderwerp bekendgestel word. Dit behoort treffend, relevant, saaklik en kort te wees.
- **Liggaam:** Dit is verskeie paragrawe waarvan die eerste sinne gewoonlik die hoofgedagte bevat. Die daaropvolgende sinne is ter ondersteuning van die hoofgedagtes en is menings van die skrywer. Die laaste sinne bevat gewoonlik die samevatting van die hoofgedagte.
- **Slot:** Dit is die laaste paragraaf wat die opsomming van die skrywer se mening of sy/haar standpunt insluit. In die geval van 'n verhalende, beskrywende en bespiegelende opstel vat die slot die skryfstuk saam, terwyl 'n argumenterende en beredeneerde opstel se slot die skrywer se finale standpunt/mening weerspieël.

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 08
APPROVED MARKING GUIDELINE



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



## VRAAG 1

### Riglyne

Assesseer die opstel, sonder vooroordeel, vanuit die kandidaat se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie. Hierdie moontlikhede (onderstaande nasienriglyn) mag nie as bindend beskou word nie. Die kandidaat bied dus enige soort opstel aan, **byvoorbeeld**:

1.1 **Met bewende hande skeur ek die koevert oop ...**
Die kandidaat kan die opstel as 'n **verhalende opstel** aanbied wanneer hy/sy vertel wat daartoe aanleiding gegee het dat sy/haar hande bewe toe hy/sy die koevert oopskeur. As 'n **beskrywende opstel** kan die inhoud die verskillende emosies beskryf wat iemand beleef wanneer hy/sy die koevert met bewende hande oopskeur. Indien die kandidaat by hierdie onderwerp die oorsaak van die bewende hande oorweeg/deurdink en wat sy/haar emosionele reaksies en gevoelens is wanneer hy/sy die koevert oopskeur, kan so 'n opstel as 'n **bespiegelende opstel** geassesseer word. In 'n **argumenterende opstel** kan die kandidaat byvoorbeeld argumente aanvoer waarom sy/haar hande bewe wanneer hy/sy die koevert oopskeur, terwyl die kandidaat in 'n **beredeneerde opstel** oor hierdie onderwerp teenstellende menings, onpartydig, oor die redes/oorsake wat tot bewende hande gelei het (toe hy/sy die koevert oopgeskeur het) kan aanbied. **[50]**

1.2 **Skool – waardevol of waardeloos?**
As **argumenterende** of **beredeneerde** opstel kan die kandidaat redes aanvoer waarom die onderrig wat hy/sy op skool ontvang het waardevol of waardeloos is om hom toe te rus vir die lewe na skool. Die kandidaat kan hierdie onderwerp as 'n **beskrywende** opstel aanbied deur 'n situasie(s) te beskryf waarom skool vir hom/haar waardevol of waardeloos is/was. In 'n **bespiegelende** opstel kan die kandidaat mymer oor die waarde van skoolgaan./veranderinge wat hy/sy in die skoolstelsel beleef het en hoe dit waarde tot sy/haar lewe toegevoeg het, al dan nie. 'n **Verhalende** opstel kan handel oor die kandidaat se wedervaringe in die skool en die gevolgtrekking dat dit sy/haar skooljare waardevol of waardeloos gemaak het. **[50]**

1.3 **Kniediep in die moeilikheid!**
In 'n **verhalende** opstel kan die kandidaat vertel wat gebeur het toe hy/sy kniediep in die moeilikheid was. Indien die kandidaat die gewaarwordinge van wat gebeur het toe hy/sy in die moeilikheid was, beskryf, kan dit as inhoud vir 'n **beskrywende** opstel dien. Die kandidaat kan in 'n **bespiegelende** opstel wonder wat daartoe aanleiding gegee het dat hy/sy in die moeilikheid beland het, terwyl die kandidaat in 'n **argumenterende** of **beredeneerde** opstel kan redeneer of die gebeure/die moeilikheid die moeite werd was. Die onderwerp kan ook figuurlik interpreteer word. **[50]**

1.4 **Is teëspoed net 'n komma?**
Die kandidaat kan 'n **verhalende opstel** aanbied waarin hy/sy sy/haar bele-wenis/storie wat tot dié vraag gelei het, vertel: by die interpretasie kan die kandidaat verwys na 'n insident waar teëspoed 'n stopplek/oorgang/halfwegstasie na sukses/groot hoogtes/ander keuses was. In 'n **beskrywende opstel** kan verskillende scenario's aangebied word waarin die kandidaat beskryf waarom teëspoed net 'n komma is./nie 'n komma is nie. Indien die kandidaat mymer/bespiegel of teëspoed net 'n komma is, kan dit as 'n **bespiegelende opstel** aangebied word. Die komma kan verwys na die lewe wat voortgaan ná 'n moeilike situasie./hoe teëspoed vir die kandidaat deure oopgemaak het. Redes/argumente waarom teëspoed net 'n komma is, kan as 'n **argumenterende** of **beredeneerde** opstel aangebied word. Die kandidaat kan redeneer dat teëspoed nié net 'n komma is nie. **[50]**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 08
APPROVED MARKING GUIDELINE



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



1.5 **Net 'n klein bietjie hoop maak jou hart se hekke oop.**
In 'n **verhalende** opstel kan die kandidaat 'n storie vertel van 'n klein bietjie hoop wat vir hom/haar vreugde/motivering/liefde/vooruitsig/moontlikhede/moed gegee het. Die kandidaat kan ook 'n **beskrywende** opstel aanbied waarin hy/sy beskryf hoe 'n klein bietjie hoop gelei het tot vreugde/motivering/liefde/vooruitsig/moontlikhede/moed. Die kandidaat kan in 'n **bespiegelende** opstel bepeins wat die klein bietjie hoop is wat sy/haar hart se hekke oopmaak. Indien die kandidaat argumente/redenasies aanvoer oor die redes wat sy/haar hart se hekke oopmaak, kan dit as 'n **argumenterende** of **beredeneerde** opstel geassesseer te word. Dit kan ook interpreteer word as toegeneentheid/insig/nuwe lewe/verbeterde verhoudinge/situasies ens. **[50]**

1.6 **Boom (met spieëlbeeld)**
'n Storie oor die dualiteit/afdraaipaaie wat in 'n mens se lewe kan ontstaan as gevolg van emosionele uitdagings/ervarings kan as stof vir 'n **verhalende** opstel gebruik word. Verskillende benaderings ten opsigte van uitdagings/ervarings wat die lewe kan bied, kan in 'n **beskrywende** opstel gebruik word. Die kandidaat kan ook beskryf watter vreugdes/skoonheid/sukses/moontlikhede vir hom/haar beskore is/was nadat die uitdagings/struikelblokke oorkom is. In 'n **bespiegelende** interpretasie van hierdie prikkel kan die kandidaat peins oor moontlike uitdagings van die kronkels en draaie wat 'n mens se lewe kan neem./waarom mense 'n dubbele lewe lei. Enige ander soort opstel moet op meriete beoordeel word, bv. grense kan groei beperk./om grense/ struikelblokke te oorkom, is bevrydend. **[50]**

1.7 **Kapsule**
'n Kandidaat kan hierdie prikkel in 'n **verhalende** opstel gebruik indien hy/sy/iemand sy/haar lewensverhaal vertel oor die lewensnoodsaaklike medikasie wat hy/sy neem. In 'n **beskrywende** opstel sou 'n kandidaat moontlik die verskillende soorte medikasie/vitamines/aanvullings wat daagliks gebruik word, kon beskryf, terwyl 'n **bespiegelende** opstel heel moontlik 'n mymering kan wees oor die heilsaamheid van sodanige medikasie al dan nie. Argumente en teenargumente oor die gebruik van medikasie/vitamines/aanvullings as 'n modegier/noodsaaklikheid, sal waarskynlik as 'n prikkel vir 'n **argumenterende** opstel gebruik kan word. 'n **Argumenterende** of **beredeneerde** opstel sal byvoorbeeld kon bepaal waarom dit (nie) altyd voordelig/wenslik/funksioneel is om medikasie/vitamines/aanvullings te gebruik (nie). 'n Ander moontlikheid is die voordele/nadele wat medikasie/vitamines/aanvullings inhou. Kandidate kan hierdie prikkel letterlik of figuurlik interpreteer. **[50]**

1.8 **Arms/hande**
'n Letterlike interpretasie kan tot 'n **verhalende** opstel lei waarin die kandidaat 'n storie vertel van hoe die diverse arms/hande/kulture tot probleemoplossing/samewerking gelei het. Indien die kandidaat hierdie onderwerp figuurlik interpreteer, kan hy/sy in sy/haar storie verwys hoe verskeie elemente tot 'n briljante eindproduk/sukses gelei het. Die kandidaat kan in 'n **beskrywende opstel** beskryf hoe verskeie arms/hande/kulture aanleiding tot samewerking/konflik/spanning/kan gee./hoe beskul-digings spanning skep./verwydering veroorsaak. Die smekende/uitgestrekte hande bied die moontlikheid vir ander interpretasie. 'n Kandidaat kan ook fokus op vooroordeel en diskriminasie teenoor mense wat hulle laat tatoeëer./lyfkuns beoefen. 'n Besinning oor hoe diverse arms/hande/kulture se samewerking tot probleem-oplossing kan lei, kan as 'n **bespiegelende** opstel beskou word. Die kandidaat kan besin oor die moontlikheid van wêreldvrede./die afwesigheid van aanvaarding/respek in ons land./wêreld. In 'n **argumenterende** of **beredeneerde** opstel kan die vormende waarde van diverse samewerking tussen arms/hande/kulture geargumenteer of beredeneer word. **[50]**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 08
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



**SOORTE OPSTELLE:**

**VERHALENDE OPSTEL**

Dit is 'n interessante vertelling van 'n storie/gebeurtenis(-se) (gewoonlik uit die verlede). Dit kan vanuit enige perspektief geskryf word.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Dit handel oor iets wat gebeur het en vertel word ('n storie of gebeurtenis).
- 'n Sterk oortuigende storielyn ontwikkel logies en die verhaal oortuig.
- Dit is opreg en met entoesiasme geskryf.
- Die inhoud is boeiend en interessant, dit oortuig en ontwikkel logies, daarom is die inhoud samehangend.
- Die verhaal word uit eie ervaring geskryf, maar kan fiktief wees.
- Karakterisering oortuig en die agtergrond/atmosfeer is geslaagd.
- 'n Treffende inleiding wat die leser boei, word aangebied.
- 'n Verrassende slot rond die inhoud af.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.
- Die verlede tyd word gewoonlik gebruik.

**BESKRYWENDE OPSTEL**

Die skrywer beskryf iets/iemand soos hy/sy dit ervaar (dis moeilik om iets te beskryf wat nie eerstehands ervaar is nie) en stel die leser in staat om die onderwerp wat beskryf word, net so lewendig soos hy/sy te beleef.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Waarnemings met al vyf sintuie en 'n goeie woordeskat word vereis.
- Insig, begrip, 'n eie belewing en sinvolheid geniet aandag (dit is meer as net die opnoem van waarnemings).
- Tekste kan varieer van meer realisties tot 'n verdieping in die aanbieding.
- Eie gevoelens oor dit wat beskryf word, kan gegee word.
- Plekke en gebeure word presies en akkuraat beskryf.
- Karakters moet lewensgetrou wees: innerlik en uiterlik.
- Beeldspraak, idiome en spreekwoorde word oorspronklik aangewend.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.
- Beskrywing het atmosfeer en stemming ten doel: dit word hoofsaaklik gedoen deur die konnotasie en nie net die denotasie van woorde nie.
- Stylfigure kan gebruik word.

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 08
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



**BEREDENEERDE OPSTEL**

Dis objektief en probeer om 'n gebalanseerde gesigspunt van beide kante van 'n argument te gee. Die skrywer oorweeg verskeie aspekte van die onderwerp onder bespreking en bied teenstellende menings onpartydig aan. Die skrywer mag tot 'n spesifieke gevolgtrekking aan die einde van die opstel kom, maar die argumente vir en teen die onderwerp moet goed gebalanseerd en duidelik in die ontwikkeling van die opstel ontleed wees.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Die opstel handel oor 'n onderwerp waaroor standpunt, alreeds tydens die inleiding, ingeneem word.
- BEIDE kante van die argument moet beredeneer word.
- Die inhoud oortuig en ontwikkel logies en helder.
- Dit bevat goed gemotiveerde en ondersteunende stellings.
- 'n Gevolgtrekking word in die slotparagraaf, wat aansluit by die inleiding, gemaak. Die slot gee 'n sterk aanduiding van die skrywer se mening.
- Die leser word deur die skrywer se standpunt oortuig.
- Oorredende en emotiewe taalgebruik kom voor.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.
- Hoewel objektief, kan die skrywer ook persoonlik raak.

www.mycourses.co.za

**BESPIEGELENDE OPSTEL**

Die skrywer oorweeg/deurdink 'n idee/lewenswaarheid/'n situasie en gee sy/haar emosionele reaksies en gevoelens weer. Dit bespiegel oor drome of wense/moontlikhede.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Die probleem, situasie, saak, onderwerp word omskryf.
- Die onderwerp word bepeins, oordink: verskillende opsies word teen mekaar opgeweeg.
- Dis persoonlik van aard.
- Daar is 'n definitiewe struktuur, maar 'n gevolgtrekking is nie nodig nie.
- Dit hoef nie 'n gebalanseerde bespreking te bied nie – dit kan humoristies of ernstig geskryf word.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.

**ARGUMENTERENDE OPSTEL**

Die skrywer het 'n spesifieke mening en argumenteer daaroor om sy/haar standpunt te motiveer.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Dit is subjektief en definitiewe menings moet gestel word.
- 'n Eie mening word op 'n baie oorspronklike en treffende manier gegee.
- 'n Reeks argumente om perspektief te motiveer, word gegee.
- Verdediging of aanval van 'n saak word enduit volgehou.
- 'n Verskeidenheid stylfigure en oorredingstegnieke kan gebruik word.
- Sterk gevoelstaal wat emosioneel is, maar nie kru taal nie, kan gebruik word.
- Daar moet 'n duidelike en oortuigende slot wees.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.

**TOTAAL AFDELING A: 50**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 08
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



**AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE**

AFDELING B word volgens die rubriek uit 25 geassesseer. Slegs TWEE tekste word nagesien. Indien dit onduidelik is wat die finale poging is, word die eerste teks nagesien.

**NASIENRIGLYNE**
Dui aan die einde van die skryfstuk die kodes soos volg aan:

**Voorbeeld:**

| | |
|---|---|
| Inhoud, beplanning en formaat: | **I = K = 10** |
| Taal, styl en redigering: | **T = G = 6** |
| Skryf dan die totaal van die skryfstuk aan die regterkant (onder die teks). | **16** |

Dra die punt uit 25 oor na die BEGIN van die skryfstuk (behoort by die beplanningsgedeelte te wees).

**VRAAG 2**

Kandidate kies TWEE van die opdragte en skryf skryfstukke van 180 tot 200 woorde elk.

2.1 **E-POS:**

Die informele e-pos word in 'n waarderende trant aan 'n neef/niggie geskryf. Die kandidaat hoef nie na 'n spesifieke krisis te verwys nie, maar hy/sy moet verwys na die waarde wat die hulp/raad vir hom/haar/die familie gehad het.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Die skryfstyl is informeel, maar korrekte taal word vereis.
- Die formaat moet voorsiening maak vir 'n e-posadres/naam en van asook 'n onderwerp soos in vraestel aangetoon.
- Die informele e-pos is gewoonlik onderhoudende kommunikasie tussen twee mense wat mekaar (betreklik goed) ken.
- Die e-pos moet 'n aanhef hê, bv. Goeiemôre/Dag, Pieter
- Die onderwerp behoort in die eerste paragraaf vermeld te word: Die klem behoort te val op die waarde wat die niggie/nefie se raad gehad het.
- Die slot is net so belangrik soos die inleiding. Daar is 'n paar standaardmaniere om die informele e-pos mee af te sluit: Dra my groete/liefde oor .../Sê groete ...
- Afsluitingswoorde (Liefde./Groete./Alles van die beste./Beste wense.) moet in 'n nuwe reël geskryf word. (Dieselfde reël ten opsigte van die leesteken na die afsluitingswoord geld soos by die informele brief.) **[25]**

www.mycourses.co.za

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 08
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

Kopiereg voorbehou 

Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



## 2.2 FORMELE BRIEF: KLAGTE

Hierdie formele brief word aan die bestuurder van 'n restaurant gerig waarin die briefskrywer kla oor aspekte soos byvoorbeeld die spyskaart, diens, musiek, ruimte, kwaliteit van die kos en/of pryse. Die inhoud van die brief behoort spesifiek uit te brei op die rede waarom die briefskrywer ontevrede/teleurgesteld is./was.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Die skryfstyl is formeel.
- Daar moet twee adresse, 'n aanhef, 'n inhoudsopskrif en 'n afsluiting wees.
- Die styl is saaklik, maar hoflik.
- Die struktuur moet goeie paragraafbou insluit.
- Eenvoudige, direkte taal is nodig, maar 'n formele register moet gehandhaaf word.
- Die hele skryfstuk moet aan die vereistes vir die skryf van 'n formele brief voldoen.
- Die brief moet formeel afgesluit word en die skrywer se titel, voorletters en van moet gegee word.

Die uwe/Vriendelike groete

*P. van Zyl*
P. van Zyl **[25]**

## 2.3 RESENSIE

Die inhoud van die RESENSIE moet verwys na 'n AFRIKAANSE boek wat 'n blywende indruk op die leser gelaat het.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Positiewe/negatiewe indrukke moet deel van die inhoud van die resensie wees.
- Gebruik emotiewe woorde wat op waardering of evaluering dui soos *snaaks, asemrowend, opwindend, vermaaklik, belangrik, uitstaande, skokkend, ontstellend, ontnugterend* ens.
- In die bespreking moet voldoende feite gegee word om die leser te oorreed waarom die boek 'n blywende indruk op die leser gelaat het./dat dit die moeite werd is om te lees.
- Die teenwoordige/verlede tyd word gebruik. **[25]**

www.mycourses.co.za

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 08
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



2.4 **KOERANTBERIG**

Die berig fokus op die gebeure wat daartoe aanleiding gegee het dat die sekuriteitswag beloon is.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Feite moet bondig en akkuraat wees.
- Strewe daarna om die belangrikste feite te gee sonder om die leser se aandag te verloor; som akkuraat op sonder om die waarheid te verdraai.
- Gebruik 'n gepaste titel.
- Vermeld die belangrikste feite alreeds in die eerste paragraaf: wie, wat, waar, wanneer, waarom, hoe en in watter mate.
- Die koerantberig moet 'n gepaste titel hê. **[25]**

2.5 **DIALOOG**

Die dialoog word met 'n vriend/vriendin gevoer en fokus op die verskonings wat deur die vriend/vriendin aangebied word. 'n Oplossing vir die situasie kan ook bespreek word.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Twee mense voer die gesprek.
- Spreekbeurte vind plaas in die orde waarin die gesprek gevoer word en vanuit die spreker se perspektief.
- Elke spreekbeurt word op 'n nuwe reël begin.
- Gebruik 'n dubbelpunt na die naam van elke spreker.
- Ekstra inligting word tussen hakies, **voordat** die spreker praat, aangedui.
- 'n Scenario kan, voordat die dialoog begin, geskets word. **[25]**

2.6 **INFORMELE TOESPRAAK**

Die inhoud van die informele toespraak moet aan ouers inligting verskaf en die ouers daarvan oortuig dat tieners hulle eie geldsake moet hanteer.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Die toespraak word tydens 'n informele geleentheid gelewer.
- Die ouers moet aangespreek word, bv. Goeienaand Ouers/Dames en Here.
- Die teikengehoor en doel moet in gedagte gehou word.
- Die inleidingsin moet sterk en prikkelend wees.
- Die standpunte/stellings/redes kan reeds in die eerste paragraaf genoem word.
- Die standpunte/stellings/redes moet deur argumente ondersteun word.
- In die slotparagraaf moet die standpunte/stellings/redes treffend en bondig saamgevat word. **[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**
**GROOTTOTAAL: 100**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 08
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

www.mycourses.co.za



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



**LET WEL:**

- Gebruik altyd die rubriek by die nasien van die opstel (Vraestel 3, AFDELING A).
- Punte van 0–50 is in VYF hoofvlakomskrywings verdeel.
- Die kriteria vir Inhoud, Taal en Styl is verder in elk van die vyf vlakomskrywings in 'n hoë- en laevlaksubkategorie verdeel, met die toepaslike verspreiding van punte en die omskrywings.
- Struktuur word nie deur die verdeling in 'n hoë en lae vlak beïnvloed nie.

**AFDELING A: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTELVRAAG – HUISTAAL**

| Kriteria | | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD & BEPLANNING**<br><br>(Respons en idees)<br>Organisering van idees vir beplanning;<br>Bewustheid van doel, gehoor en konteks<br><br>**30 PUNTE** | Hoë vlak | 28–30<br>-Respons is uitsonderlik/treffend en bo verwagting<br>-Idees is intelligent, volwasse en stem leser tot nadenke<br><br>-Uitsonderlike organisasie en samehang, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot | 22–24<br>-Respons baie goed; getuig van vaardigheid<br>-Idees heeltemal relevant, interessant en lewer bewys van volwassenheid<br>-Organisasie baie goed en samehangend, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/ slot | 16–18<br>-Respons bevredigend<br><br>-Idees redelik samehangend en oortuigend<br><br>-Redelike organisasie en redelik samehangend, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot | 10–12<br>-Wisselvallige samehang in respons<br><br>-Idees onduidelik, nie oorspronklik nie<br><br>-Min bewys van organisasie en samehang | 4–6<br>-Respons heeltemal irrelevant<br><br>-Idees deurmekaar en nie op onderwerp gefokus nie;<br>-Vaag en herhalend<br>-Geen organisasie nie en is onsamehangend |
| | Lae subkategorie | 25–27<br>-Respons uitmuntend, maar uitsonderlik treffende eienskappe van 'n opstel ontbreek<br>-Idees intelligent en volwasse<br><br>-Knap organisasie en samehang, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot | 19–21<br>-Respons goed; getuig van vaardigheid<br><br>-Idees relevant, interessant<br><br>-Organisasie goed en samehangend, insluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot | 13–15<br>-Respons bevredigend, maar verval soms in onduidelikheid<br>-Idees redelik samehangend en oortuigend<br>-'n Mate van organisasasie en samehang, in-sluitend inleiding, liggaam en samevatting/slot | 7–9<br>-Respons is grootliks irrelevant<br><br>-Idees begin los staan en kan verwarrend wees<br>-Skaars 'n bewys van organisasie en samehang | 0–3<br>-Geen poging aangewend om in ooreenstemming met onderwerp te wees nie<br>-Heeltemal irrelevant en ontoepaslik<br><br>-Deurmekaar en geen fokus nie |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 08
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **TAAL, STYL & REDIGERING**<br><br>Toon, register, styl en woordeskat is geskik vir doel/effek en konteks<br>Woordkeuse; Taalgebruik en konvensies, punktuasie, grammatika en spelling<br><br>**15 PUNTE** | | 14–15 | 11–12 | 8–9 | 5–6 | **0–3** |
| | Hoë subkategorie | -Toon, register, styl en woordeskat hoogs gepas vir doel, gehoor en konteks<br><br>-Taalgebruik getuig van vertroue, indrukwekkend<br>-Toon retories, treffend en effektief<br><br>-Grammatika en spelling feitlik foutvry.<br><br>-Knap gedaan | -Toon, register, styl en woordeskat baie gepas vir doel, gehoor en konteks.<br><br>-Taalgebruik effektief en 'n deurlopende gepaste toon word gebruik<br><br>-Grammatika en spelling grootliks foutvry.<br>-Baie goed gedoen | -Toon, register, styl en woordeskat gepas vir doel, gehoor en konteks.<br><br>-Gepaste taalgebruik om betekenis oor te dra<br>-Toon is gepas<br><br>-Retoriese middele gebruik om betekenis te versterk | -Toon, register, styl en woordeskat minder gepas vir doel, gehoor en konteks<br><br>-Taalgebruik baie basies.<br>-Toon en woordkeuse skaars toepaslik.<br><br>-Baie beperkte woordeskat | -Taal onverstaanbaar<br>-Toon, register, styl en woordeskat nie gepas vir doel, gehoor en konteks nie<br><br>-Woordeskat so beperk dat dit onmoontlik is om sin te maak |
| | | 13 | 10 | 7 | 4 | |
| | Lae subkategorie | -Taalgebruik uitstekend en toon is retories effektief<br><br>-Grammatika en spelling feitlik foutvry<br><br>-Baie goed tot knap gedaan | -Taalgebruik toepaslik en oor die algemeen effektief<br>-Toon gepas en effektief<br>-Enkele foute in grammatika en spelling<br><br>-Goed gedoen | -Voldoende taalgebruik, maar teenstrydighede word opgemerk<br><br>-Toon oor die algemeen gepas en beperkte gebruik van retoriese middele | -Taalgebruik onvoldoende<br><br>-Weinig indien enige sinsverskeidenheid<br>-Woordeskat baie beperk | |
| **STRUKTUUR**<br>Kenmerke van teks; Paragraafontwikkeling en sinskonstruksie<br><br>**5 PUNTE** | | 5 | 4 | 3 | 2 | 1 |
| | | -Uitstekende ontwikkeling van onderwerp.<br>- Uitsonderlike detail<br><br>-Sinne en paragrawe uitsonderlik gekonstrueer | -Logiese ontwikkeling van detail<br>-Samehangend<br><br>-Sinne en paragrawe logies en toon variasie | -Relevante detail ontwikkel<br><br>-Sinne en paragrawe goed gekonstrueer<br>-Opstel maak nog sin | -Sommige punte geldig<br><br>-Sinne en paragrawe foutief<br>-Opstel maak effens sin | -Noodsaaklik punte ontbreek<br><br>-Sinne en paragrawe foutief<br>-Opstel maak nie sin nie |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 03
APPROVED MARKING GUIDELINE



Source: www.mycourses.co.za

Get more papers from: www.mycourses.co.za



**ASSESSERINGSRUBRIEK VIR TRANSAKSIONELE TEKSTE - HUISTAAL [25PUNTE]**

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| **INHOUD, BEPLANNING & FORMAAT**<br><br>Respons en idees;<br>Organisering van idees vir beplanning;<br>Doel, gehoor, kenmerke/konvensies en konteks<br><br>**15 PUNTE** | 13–15<br>-Respons uitsonderlik, bo verwagting<br>Idees intelligent en volwasse<br>-Grondige kennis van kenmerke van die soort teks<br>-Skryfwerk behou fokus<br><br>-Samehang in inhoud en idees<br>-Idees behoorlik uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun<br>-Gepaste en akkurate formaat | 10–12<br>-Respons baie goed<br><br>-Toon goeie kennis van kenmerke van die soort teks<br>-Behou fokus – geen afwyking nie<br>-Samehang in inhoud en idees; baie goed uitgebrei met detail wat die onderwerp ondersteun<br>-Gepaste formaat met onbeduidende foute | 7–9<br>-Respons voldoende<br><br>-Toon voldoende kennis van kenmerke van soort teks<br>-Nie heeltemal gefokus nie – enkele afwykings<br>-Redelike samehang in inhoud en idees<br>-Sommige detail ondersteun die onderwerp<br>-Formaat oorwegend gepas, maar met enkele foute | 4–6<br>Basiese respons<br><br>-Toon geringe kennis van kenmerke van die soort teks<br>-Aanduiding van fokus maar met afwykings<br>-Inhoud en idees nie altyd samehangend nie<br>-Min detail ondersteun die onderwerp<br>-Nodige reëls van formaat vaagweg toegepas<br>-Kritiese foute begaan | 0–3<br><br>-Respons toon geen kennis van kenmerke van die soort teks nie<br>-Betekenis onduidelik met groot afwyking<br>-Geen samehang in idees en inhoud nie<br>-Baie min detail onder-steun die onderwerp<br><br>-Nodige reëls van formaat nie toegepas nie |
| **TAAL, STYL & REDIGERING**<br><br>Toon, register, styl, doel/effek, gehoor en konteks;<br>Taalgebruik en konvensies;<br>Woordkeuse;<br>Punktuasie en spelling<br><br>**10 PUNTE** | 9–10<br>-Toon, register, styl en woordeskat hoogs geskik vir doel, gehoor en konteks<br><br>-Grammatika akkuraat en goed gekonstrueer<br><br>-Feitlik foutloos | 7–8<br>-Toon, register, styl en woordeskat baie geskik vir doel, gehoor en konteks<br><br>-Grammatika oor die algemeen korrek en goed gekonstrueer<br>-Baie goeie woordeskat<br><br>- Oorwegend foutloos | 5–6<br>-Toon, register, styl en woordeskat is geskik vir doel, gehoor en konteks<br><br>-Enkele grammatikafoute<br><br>-Voldoende woordeskat<br><br>-Foute belemmer nie betekenis nie | 3–4<br>-Toon, register, styl en woordeskat minder geskik vir doel, gehoor en konteks<br><br>-Grammatika onakkuraat met etlike foute<br>-Basiese woordeskat<br><br>-Betekenis belemmer | 0–2<br>-Toon, register, styl en woordeskat stem nie ooreen met doel, gehoor en konteks nie<br>-Besaai met foute en verward<br><br>-Woordeskat nie geskik vir doel nie<br><br>-Betekenis ernstig belemmer |

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2022 -12- 08
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

Kopiereg voorbehou

Source: www.mycourses.co.za